



Kontak-kring

Kleingroepriglyne

DAAR & DAN

kontak met God se Storie

Lewe met toewyding.

Romeine 12: 9-21

2. Kontak met God

Oorweeg dit om 'n kers aan te steek om God se teenwoordigheid te simboliseer. Plaas dit in die middel van die groep.

Neem 'n paar oomblikke. Raak stil en rustig. Haal diep asem. Dink aan iets in die afgelope week waarvoor jy vir God wil dankie sê. Lees dan Psalm 105: 1-8 hardop.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings van die afgelope week. Dank God daarvoor.

3. Kontak met die Woord

Bid dat die Gees die teks vir julle sal oopbreek. Lees dan Romeine 12: 9-21 en gesels oor die volgende.

Noem die dinge in die teks wat jou aangespreek of laat wonder het.

1. Kontak met mekaar

Aankoms, verwelkoming en verversings.

Ysbreker

Voltooi die sin: Gasvryheid beteken...

HIER & NOU

kontak met myself & Godstories

Wat dink julle is Paulus se motief met hierdie oproepe?

Hoekom dink julle is Paulus se opdrag in vers 11 belangrik? Wat kan ons doen om dit na te kom?

Watter 3 van Paulus se oproepe dink jy is die nodigste in die wêreld waarin ons leef? Hoekom?

Hoekom dink jy wil mense so graag kwaad met kwaad vergeld?

Met watter van Paulus se oproepe sukkel jy in jou lewe die meeste? Hoekom?

VERDER & VOOR

kontak met mekaar & ander

Dink aan die mense met wie jy elke dag te doen kry. Watter van Paulus se oproepe moet jy in die week gaan uitleef? Hoekom?

Vir die Begeleier

Maak 'n paar fotostate van die teksgedeelte en neem dit saam. Dis altyd insiggewend om verskillende vertalings van die teks te lees.

Pitkos: Moenie eksklusief raak nie. Nuwe groeplede bring nuwe energie en help die groep om te groei.

Bedien Mekaar

kontak deur gebed

Deel gebedsversoeke en skryf dit in julle gebedsdagboeke en bid in die week daarvoor. Onthou om ook gebedsverhoring en Godservarings neer te skryf. Sluit af met gesamentlike gebed. Dra die gebedsversoeke aan God op. Dank God dat Hy vir ons riglyne gee vir die uitleef van ons geloof. Vra dat Hy insig en bereidwilligheid sal gee om hierdie goed te gaan uitleef.